
# 2025 JAARVERSLAG



## LEER PRESTEER

**Koue Bokkeveld Opleidingsentrum**

# VANAF DIE UITVOERENDE HOOF

Koue Bokkeveld OPLEIDING SENTRUM

Die afgelope jaar was een van groei, en doelgerigte betrokkenheid. 2025 het vir ons organisasie nuwe energie gebring, met 'n duidelike fokus op strategiese rigting, volhoubare ontwikkeling en sterker skakeling met ons lede, vennote, studente en gemeen-skappe.

Deur strategiese beplanningsbesoeke aan ledeplase, is waardevolle insigte verkry wat ons visie vir die toekoms verder geslyp het. Bestuursgewys het ons belangrike stappe geneem met die samestelling van 'n direksie wat vars perspektiewe en kundigheid bring.

Ons wil ook ons dank betuig aan die advieskomitee wat ons die laaste vier jaar bedien het met raad en leiding. Die direksie sal voortaan die werksaamhede van die advieskomitee voortsit. Intern het ons kapasiteit gebou met die aanstellings in die landbou, administratiewe en finansiële departemente.

Bestuursdag 2025 was weer 'n suksesvolle dag met 'n rekorddeelname wat getuig van Koue Bokkeveld Opleidingsentrum wat groei in samewerking, leierskap en betrokkenheid.

Ons is besonders trots op die implementering van ons eerste NQF 2 Leerlingskappe, met merkwaardige produsente befondsing. 31 van die 43 studente wat in 2025 begin het met hierdie program was befonds deur die produsente self. Dit getuig van ons area se glo in vaardigheidsontwikkeling.

Saam met ons vroeë kinderontwikkelings-vennootskap met 'n plaaslike tersiêre instelling en verskeie nuwe gemeenskapsprojekte soos groentetuinwerkswinkel en nutsman-opleiding, bevestig hierdie inisiatiewe ons verbintenis tot vaardigheidsontwikkeling, werkskepping en langtermyn volhoubaarheid.

Met befondsing ontvang kon ons weer 'n musiekkonsert hou wat ons jaar op 'n "hoë noot" afgesluit het. Daarmee saam is die Witzenberg streek tydens die provinsiale Agriwerker kompetisie aangewys as die Beste presterende streek vir 2025.

Hierdie jaarblad reflekteer nie net wat bereik is nie, maar ook die sterk fondament wat gelê is vir die toekoms. Ons bedank elke produsent, vennoot, rolspeler en student wat saam met ons hierdie reis aanpak. Saam bou ons aan 'n sterker, meer veerkragtige landbou- en gemeenskapsomgewing.

**~ Carmen Roberts**



Koue Bokkeveld OPLEIDING SENTRUM

# FINANSIES

## MAATSKAPPY

Die jaar 2025 – 2026 het 'n merkbare toename in kortkursusinkomste gesien, wat ons gemeenskap se sterk betrokkenheid en die waarde wat deur ons programme gelewer word, weerspieël.

**Kortkursus inkomste**

Dit toon 'n jaar-tot-jaar groei: 18.77% toename. Kortkursusse dra aansienlik by tot die sentrum se inkomste.

**Lidmaatskapgelde**

Jaar-tot-jaar styging van: 4.12%. Ons het twee lede in die jaar verloor. Die lid het hul lidmaatskap gestaak weens begrotingsbeperkings, ondanks tevredenheid met die diens en ondersteuning wat ontvang is.

**AgriSETA**

Ons het befondsing ontvang van AgriSETA vir die volgende projekte:

10 studente NQF 2 Leerlingskappe – R270 000

1,2,3 Werkprogram – R360 000

**Ons Facebook followers het gegroei tot 6303. Volg ons blad ook op LinkedIn.**

## NPO

**Netto Wins** vir die jaar was: R20 804.12

Ten spyte van 'n uitdagende befondsingklimaat, het ons 'n beskeie surplus behaal, wat doeltreffende hulpbronbestuur en strategiese toewysing van fondse weerspieël.

**Lidmaatskapfooi bydrae:** 30% van die lidmaatskapfooie wat deur die maatskappy ingesamel word, is na die NPO oorgeplaas. Alle besighede wat lede is by die sentrum kry 'n 18A sertifikaat hiervoor en kan dit vir belastingdoeleindes aftrek. Hierdie fondse het 'n belangrike rol gespeel in die dekking van bedryfsuitgawes en die ondersteuning van voortgesette projeklewering.

**Befondsing**

Gedurende die 2025-2026 finansiële jaar het die NPO die volgende befondsing ontvang:

**Wes-Kaapse Departement van Landbou:** R98 100

**Departement van Kultuursake en Sport** vir die musiek projek : R37 212

## INHOUDSOPGAWE


Vanaf die Uitvoerende Hoof 2

Finansies 3

Administrasie 4

Gemeenskapsontwikkeling 6

Landbou 8


**Indien jy ook graag die maandelikse nuusbrief wil ontvang laat weet vir Michelle by michelle@kbos.co.za**

# ADMINISTRASIE

## SUKSESVERHAAL: JONG LANDBOUSTERRE ONTWIKKEL IN WITZENBERG

Die 1,2,3 Werkprogram het reeds 'n bewese rekord van sukses en toeganklikheid tot die landbousektor getoon. Met die leerders wat hierdie jaar ingeskryf was, bou die program voort op die beginsel waar jongmense weekliks teorie-opleiding ontvang en praktiese blootstelling op plase kry. Hierdie kombinasie van kennis en ervaring het 'n merkbare impak op deelnemers se selfvertroue, verantwoordelikheid en werksbegrip.
Studente getuig van die waarde van die program en sê dit gee selfvertroue en maak hulle opgewonde oor leer, en help om goeie besluite te neem. Die groot belangstelling onder jongmense bevestig die behoefte aan sulke geleenthede, en terugvoer toon dat die meerderheid van vorige deelnemers steeds in landbou werk, sommige selfs met bevorderings.
Hierdie program is nie net opleiding nie, dit is 'n belegging in die toekoms van die Witzenberg-streek en die landbousektor. Dit skep volhoubare werksgeleenthede, ontwikkel 'n vaardige arbeidsmag, en gee jongmense die kans om werklik 'n verskil te maak. Ons is trots om aan te kondig dat al die leerders wat aan hierdie program deelgeneem het dit voltooi het en met lof geslaag het.




## STRATEGIE MET 'N SKOP: DIE HARTKLOP VAN BESTUURSDAG

Vanjaar was die 29ste Bestuursdag van die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum en dit was werklik iets besonders! Die dag was propvol insiggewende gesprekke en inspirerende idees. Gassprekers het kragtige wenstrategieë gedeel van hoe om vooruit te boer met slim beplanning, tot hoe om gesonde, produktiewe werknemers te koester en spanwerk te bou wat 'n diep lekker "lekke" gevoel by almal gelos het.
Die terugvoer wat ontvang was, was uitstaande. Deelnemers het gevoel hulle stap weg met nuwe energie en praktiese riglyne vir volhoubare sukses. Dit was nie net 'n leergeleentheid nie, maar 'n dag wat bande versterk en inspirasie aangevuur het.







## ALGEMENE NUTSMAN KURSUS

Gedurende die jaar is die nutsman kursus herstruktureer om in afsonderlike modules aangebied te word. Elke module het oor vyf dae gestrek en is maandeliks aangebied. Die modules het onder andere loodgieterswerk, skrynwerk, verfwerk en messelwerk ingesluit.
Deelnemende plase het die opsie gehad om studente vir alle modules of slegs vir geselekteerde modules in te skryf. Die kursus was baie suksesvol en het sigbare resultate gelewer. Studente het met selfvertroue terugvoer gegee dat hulle die aangeleerde vaardighede effektief in die praktyk kan toepas.

# ADMINISTRASIE

## LEIERSDAE

Die Afrikaanse Leiersdag was aangebied in samewerking met Food for Mzanzi. Sprekers by die geleentheid was Prof. Irvin Kinnes (Leierskap en mag: Verbreek die siklus van wanbalans vir groei), Prof. Gerhard Verdoorn van CropLife SA (Verantwoordelike gebruik van chemikalieë) en Archie van Biljon (Beste praktyke: komitee).

Die Xhosa Leiersdag is aangebied deur Lennox Plaatjies en die program het gefokus op die aanleer van selfleierskapsbeginsels, die ontdekking van jou potensiaal, die oorkoming van armoede denke en die toepassing van leierskapsdenke, en die ontwikkeling van die hart en karakter van 'n goeie leier.

Beide geleenthede het baie positiewe terugvoer van deelnemers opgelewer. "Jy dink omdat jy 'n toesighouer is dat jy alles weet, vandag het ek goed geleer wat ek nie geweet het nie. Vandag is iets volgemaak wat ek nie geweet het leeg was nie."


LEIERSDAG


EFFEKTIEWE LEIERS

## ONTWIKKELING VAN EFFEKTIEWE LEIERS

Ontwikkeling van Effektiewe Leiers is 'n nuwe program wat in die jaar vir die eerste keer aangebied is. In totaal is dertig toesighouers opgelei. Die program het begin met 'n reflektiewe sessie waarin deelnemers hul persoonlike leerdoelwitte geïdentifiseer het. Aan die einde van die kursus het deelnemers hul doelwitte geëvalueer om vas te stel in watter mate hul verwagtinge vervul is.

Die inhoud het gefokus op kernleierskapbeginsels, insluitend die konsep van die Sirkels van Beheer, wat onderskei tussen faktore binne en buite 'n individu se beheer (verlede, hede en toekoms). Verder is die GROW en SMART-modelle gebruik as praktiese hulpmiddels om doelwitstelling en persoonlike ontwikkeling te ondersteun.

Die kursus het deelnemers toegerus met toepaslike vaardighede en insigte om hul rolle as leiers meer effektief te vervul, beide in hul werksomgewings en persoonlike lewe.

## STATISTIEK

**6477** Totaal studente opgelei in 2025.

**64** WSP's ingedien by AgriSETA, Food and Bev, W&R Seta en Services Seta

**79** Ledeplase.

**9842** Die getal permanente werknemers op al die ledeplase.

**25663** Die getal seisoenale werknemers op al die ledeplase.

# GEMEENSKAPSONTWIKKELING

**JAARVERSLAG NPO MAART 2025 - FEBRUARIE 2026**

In 2025 het die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum gefokus op een kerndoel: om mense toe te rus om hul potensiaal te bereik en ’n blywende impak in hul gemeenskappe te maak. Deur doelgerigte programme in kultuur, leierskap en gemeenskapsontwikkeling is hierdie doel sigbaar verwesenlik.

## MUSIEK PROJEK: KITAAR EN BLOKFLUIT

Die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum het in 2025, met befondsing van R37213 van die Departement Kultuursake en Sport, ’n betekenisvolle Musiek projek in die Witzenberg geïmplementeer.

In totaal is 4 opleidingsessies aangebied met 131 deelnames van leerders en plaasgebaseerde fasiliteerders. Verder het 32 leerders deurlopende kitaarlesse ontvang, wat volhoubare vaardigheids-ontwikkeling ondersteun het.

Die program het uitgeloop op die “Beat Beyond”-musiekkonsert, waar leerders hul talent met groot selfvertroue ten toon gestel het. Die projek het nie net musiekvaardighede ontwikkel nie, maar ook merkbare groei in selfvertroue, dissipline en samewerking by leerders bevorder.

Hierdie projek staan uit as ’n sterk voorbeeld van hoe relatief klein investering ’n groot en sigbare positiewe impak op jong lewens in landelike gemeenskappe kan hê.







## 2025 WITZENBERG PRESTIGE LANDBOU-TOEKENNINGS

Die 2025 Witzenberg Prestige Landbou-toekennings het die uitsonderlike talent in ons landbousektor uitgelig, met 134 deelnemers wat vanjaar deelgeneem het oor verskeie kategorieë.

Die groot hoogtepunt was Carmanita Snyders van Verdun Estates, wat aangewys is as Witzenberg Landbouwerker van die Jaar 2025 én die Middelbestuur-kategorie gewen het. Verdun Estates is ook bekroon as Beste Presterende Plaas, ’n merkwaardige prestasie.

Op Provinsiale vlak het Witzenberg sterk uitgestaan tydens die Wes-Kaapse Prestige Landboutoekennings, met 9 deelnemers wat die streek verteenwoordig het en uitmuntend presteer het. Hoogtepunte sluit in: 1 Provinsiale kategorie-wenner, 2 tweede plekke en 1 derde plek, wat die hoë standaard van ons plaaslike landbouwerkers bevestig.

Hierdie prestasies beklemtoon die groei, vaardigheid en toewyding binne Witzenberg se landbougemeenskap, en plaas ons streek met trots op die Provinsiale verhoog.

# GEMEENSKAPSONTWIKKELING

## JEUGDAG, VROUEDAG EN MANNEDAG

Die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum het Jeugdag, Vrouedag en Mannedag as deel van 'n sterk gemeenskapsfokus aangebied, met kragtige boodskappe van hoop, groei en verantwoordelikheid.

Jeugdag (389 inskrywings) is in samewerking met vennote soos die Departement van Landelike Ontwikkeling en YWAM gevier. Jeugdiges is deur drama, gesprekke en 'n inspirerende lewensverhaal blootgestel aan die realiteite van sosiale uitdagings, selfoonmisbruik en keuses wat lewens kan beïnvloed. Die boodskap was duidelik: keuses vandag vorm die toekoms van môre.

Vrouedag het 724 vroue bymekaar gebring, in 'n kragtige dag van storievertelling en herstel. Getuienisse van oorwinning oor mishandeling, verslawing en geweld het 'n sterk boodskap van hoop gebring: elke wond kan genesing en groei bring, en elke vrou het die vermoë om haar storie te herskryf.

Mannedag het 622 landbouwerkers saamgetrek onder die tema "No shrinking back". Die sessie het gefokus op verantwoordelike manwees, pa-wees en die impak van afwesigheid in gesinne. Die kernboodskap was duidelik: mans moet opstaan, verantwoordelikheid neem en ruimtes van veiligheid en leiding vir kinders skep, anders vul negatiewe invloede daardie leemte.

Saam het hierdie drie geleenthede 'n kragtige boodskap versterk: gemeenskappe word gebou deur verantwoordelikheid, genesing en die moed om anders te kies.


MANNEDAG


VROUEDAG

## SPORT- EN KULTUURDAG 2025

Die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum het met groot opgewondenheid die eerste Sport- en Kultuurdag sedert 2009 aangebied, 'n besondere mylpaal wat nuwe lewe en energie in ons sport- en kultuurprogram gebring het.

Die dag was gevul met netbal, rugby, sokker, toutrek en gewilde ontspanningsaktiwiteite soos die springkasteel. Dit het 'n ware gees van eenheid, energie en gesonde kompetisie tussen leerders en gemeenskappe geskep.

'n Hoogtepunt van die dag was dat ons GOB's byna ten volle leiding geneem het met die beplanning en uitvoering van die projek. Hulle professionaliteit, inisiatief en groei as jong leiers was duidelik sigbaar en hoogs indrukwekkend.

### Aantal persone bereik tydens projekte

- GOB's opgelei 61
- Vrouedag 724
- Jeug-kampe 105
- Werks-winkels 76
- Landbou-toekennings 133
- Die Proses 73
- Jeugdag 389
- Sokker-spelers 2130
- Mannedag 622
- Xhosa insette 59

# LANDBOU

## LANDBOULEERLINGSKAPPE

Wat aanvanklik as 'n uitdagende jaar begin het, het wel sukses en nuwe geleenthede gebring. Koue Bokkeveld Opleidingsentrum het vir die eerste keer die NQF 2 Plantproduksie Leerlingskap aangebied. Ons het gedurende die jaar 2 groepe geïmplementeer. Een in Prince Alfred Hamlet en een in die Koue Bokkeveld. Befondsing vir 12 leerders is ontvang vanaf AgriSETA wat onder ons ledeplase verdeel is. 31 van die 43 studente in die groepe is befonds deur die produsente. Die leerlingskappe het in Junie 2025 afgeskop en in Mei 2026 klaargemaak. Groot waardering en dankbaarheid aan ons plaaslike produsente wat belê in hulle werknemers.





## PLUKKURSUS

Die Plukkursus se aanbiedings is herverpak en aangebied op verskeie plase. Die terugvoering was baie positief omrede baie meer klem gelê is op die kwaliteit van die produkte wat gepluk word.
Gegewe die inligting wat ingewin word blyk dit dat die plukkers dit toepas in die boord wat hulle geleer het in die opleiding. Om regtig die impak van die pluk-opleiding te meet sal gekyk moet word na die kwaliteitskontrole verslae van die plase om vas te kan stel of dit wat waargeneem word in die boorde verder in die plaas se kontrolestelsel weerspieël word. Kwaliteitskontrole op die plase speel 'n groot rol ten einde te verseker dat produkte van gehalte gelewer en ge-oes word.

## PERSONEELSAKE

Joseph Moqiti het ons diens verlaat in Oktober 2025. In Desember 2025 het me. Naledi Rampone by ons aangesluit in die landboudepartement. In Februarie 2026 het Emang Lenyatsa as 'n Werkplekplasing by ons span in die landboudepartement aangesluit. Hy het gestudeer by CPUT se Wellington kampus. Jaffie Galant wat voorheen werksaam was by Bronaar Plase het ook gedurende hierdie tydperk gehelp met aanbiedings van die Kortkursusse en het selfs klas gegee by die 1,2,3 Werkprogram asook by die NQF 2 Leerlingskap.

## QCTO

Na twee jaar is die finale EISA (External Integrated Summative Assessment) datum vir die QCTO loodsprojek vasgestel. Hierdie studente sal hulle finale eksamen in 2026 aflê.
Die landbouwerker kwalifikasie wat die NQF 1 Plantproduksie Leerlingskap sal vervang is ook gedurende 2025 geregistreer by die QCTO. Dit sal in die vorm van 'n vaardigheidsprogram aangebied word, as gevolg van die verminderde krediete waaruit dit bestaan.